DEEL 117 | WEEK 46 | 14 NOVEMBER 2025 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR



# Springbokke vs Blesbokke 2025

*Elke leerder en ouer was opgewonde om weer deel te wees van Hoërskool Heilbron se bokkesport waar hulle die afgelope week die dorp rooi (en blou) geverf het met hul onderskeie spanne se kleure. Die Springbokke (Rooispan) wen met 'n algehele telling van 7340 punte (en 'n gemiddeld van 177), maar die Blesbokke (Blouspan) het vir 'n tawwe stryd gesorg en nie net sommer opgegee nie. Blesbokke eindig die toernooi met 'n algehele telling van 6907 punte (en 'n gemiddeld van 153).*




# Huisbrake ruk Heilbron

Reeks huisbrake en hondvergiftiging in Heilbron – Polisie waarsku inwoners

Tussen 9 en 12 November is verskeie huise in Heilbron geteiken tydens 'n oplewing in huisbrake, onder meer in Raubenheimer- en Kortestraat. In twee van die gevalle is formele sake van huisbraak en hondvergiftiging by die polisie geopen, en ondersoeke duur voort.

Volgens die polisie het die eienaar van die huis in Raubenheimerstraat omstreeks 03:00 die oggend verdagte beweging in sy erf opgemerk. Hy het een verdagte gejaag, terwyl 'n tweede moontlik betrokke was. Kort daarna let hy op dat sy honde braak na hulle vermoedelik vergiftig is.

Die Heilbron-polisie maan inwoners om waaksaam te bly en verdagsame gedrag onmiddellik aan te meld. 'n Woordvoerder het benadruk dat dit belangrik is vir mense om formele sake te open en nie slegs voorvalle op sosiale media moet deel nie.

"Die polisie kan nie ondersoeke op grond van Facebook-plasings doen nie. Formele aanmeldings en arrestasies help om misdaadvlakke in die gebied te verlaag," sê die woordvoerder.






# Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum

## *13 November - Wêreld Vriendelikheidsdag - Vriendelikheid bring mense nader*

In 'n wêreld waar gejaagdheid, stres en onsekerheid dikwels die botoon voer, is 13 November – Wêreld Vriendelikheidsdag – 'n welkome herinnering dat menslikheid steeds saak maak.

As maatskaplike werker sien ek daagliks hoe iets so eenvoudig soos 'n glimlag, 'n sagte woord of 'n klein gebaar van omgee, mense se harte aanraak en genesing bring.

Vriendelikheid kos niks, maar die waarde daarvan is onmeetbaar. Wanneer iemand gehoor, gesien of waardeer voel, gebeur iets besonders – hulle begin weer glo in goedheid. Dit versterk selfwaarde, bevorder gesonde verhoudings, en bou gemeenskappe waar mense mekaar dra in plaas van afbreek.

**Wenke om vriendelikheid prakties te leef:**

**1. Luister met aandag.**

Soms is die grootste geskenk wat jy iemand kan gee, jou tyd en oor.

**2. Gee komplimente.**

'n Eerlike, opregte kompliment kan iemand se dag ophelder.

**3. Wees geduldig – veral met jouself.**

Selfvriendelikheid is die beginpunt van ware empatie vir ander.

**4. Doen iets kleins, maar met groot hart.**

'n Koppie koffie vir 'n kollega, 'n boodskap van dankie, of hulp aan iemand in nood maak 'n groot verskil.

**5. Wees vriendelik aanlyn.**

Sosiale media kan negatief wees – gebruik jou woorde om te bemoedig en te bou.

Navorsing toon dat vriendelike mense minder stres ervaar, beter gesondheid het, en dikwels sterker sosiale verbindings bou.

Vir kinders en jongmense is dit selfs meer betekenisvol – wanneer hulle vriendelikheid ervaar of self beoefen, ontwikkel hulle emosionele intelligensie, empatie, en veerkragtigheid.


In gemeenskappe waar mense mekaar met respek en sagtheid behandel, ontstaan daar veiligheid en samehorigheid – 'n teenmiddel teen die koue, harde realiteite van ons tyd.

Vriendelikheid hoef nie groot of perfek te wees nie. Dis dikwels in die alledaagse oomblikke – wanneer ons stop om te luister, glimlag, of dankie sê – dat die wêreld begin verander.

Soos iemand eendag gesê het: "Vriendelikheid is die taal wat dowes kan hoor en blindes kan sien."

Mag ons almal vandag – en elke dag – kies om vriendelikheid te leef.







# UIT DIE PEN: Week 46

Ek kan lank oor iets tob. Vir dae aanmekaar. Dan neem ek 'n besluit en staan of val daarby. Maar oor kunsmatige intelligensie kan ek nog nie 'n opinie vorm nie.

Om mee te begin: wat vir 'n afkorting is KI? Voorheen het dit na "kunsmatige inseminasie" verwys. En ewe skielik word dit iets anders. En ek staan by een van die stellings wat ek al voorheen gemaak het: "Before we can discuss artificial intelligence, we need to solve human stupidity."

Nou kyk, ChatGPT is 'n wonderlike ding, maar dit moet reg gebruik word.

ChatGPT se antwoorde lyk altyd dieselfde. Hulle gebruik aandagstrepe in plaas van kommapunte. Hulle antwoorde het gedeeltes wat donker gedruk is. ChatGPT gebruik meestal Amerikaanse terminologie soos student, in plaas van Suid-Afrika se "leerders".

Die toon van die ChatGPT geskriffie is gewoonlik hoogdrawend formeel. Dit kan soms ook neutraal wees en dan is daar sinne of frases wat onnodig herhaal word, veral aan die begin en aan die einde van die skrywe.

Soms gee ChatGPT vir ons allerhande statistieke. Wat nie altyd korrek is nie.

En wanneer 'n geskrif geen grammatikale- of spelfoute het nie, kan jy maar weet. Elkeen maak af en toe 'n foutjie.

Ek tob al lank oor of KI goed is of nie. Ek het tot die gevolgtrekking gekom dat daar nie 'n "goed" of "sleg" is nie.

Dit kan deur besighede gebruik word word op hulle webwerwe. Ja, daardie vieslike "bots" met wie ons moet praat. Hulle antwoord dalk nie die vrae nie, of het nie genoeg opsies nie. Partykeer kom hulle ook nie by die kruks van die navraag uit nie. Hulle beskik egter oor genoeg inligting van die maatskappy om ons darem in 'n mate te kan help. Gelukkig word sekere bots al hoe slimmer met hulle aangeleerde intelligensie.

Met KI kan daar deure oopgemaak word vir mense met gestremdhede: daar is dalk 'n bot wat kan lees of een wat kan skryf. Dit kan ingespan word om kinders te leer lees en skryf en om parapleë te laat loop.

Maar dit kan ook misbruik word. Onthou: KI struktureer inligting vanaf die inligting wat hulle het. En wanneer hulle op die verkeerde trant aanhou, kan inligting bevooroordeeld raak, en die fopnuus kan die wêreld ingestuur word. Ons het almal al fotos gesien wat deur KI ontwerp en ontwikkel is waar mense ses vingers aan elke hand het of waar die agtergrond nie reg lyk nie. Wat nog te praat van advertensies vir geldmaakskemas waar swendelaars van bekende persone gebruik gemaak word om geld te belê wat hulle nooit weer gaan sien nie.

KI-algoritmes bepaal watter nuusgrepe ons op Facebook, Instagram en ander sosiale mediaplatforms sien. Doen die toets: klik so een of twee keer op 'n advertensie waarin jy regtig nie belangstel nie. Jou nuusvoer sal oorstroom word deur skakels wat met daardie advertensie verband hou.

Ek het, nie so lank gelede nie, op 'n skakel van 'n skool gekliek. Die skool het sy meegevoel met die ouers van 'n leerder wat dood is, betuig. Die volgende week het ek allerhande nuusvoer van verskillende skole oral oor Suid-Afrika gekry aangaande leerders wat dood is.

Wat nog erger is, is die KI gegenereerde nuusberigte wat die wêreld vol gestuur word. Onlangs stuur iemand vir my 'n video van 'n sogenaamde tolk, nogal in Upington, sê hulle. Die tolk sukkel om Afrikaans in Engels te vertaal. Die Afrikaanse persoon vra: "En hoekom is jou hare so deurmekaar?" Waarop die tolk vertaal: "Why is your hair so confused." (Ek het lekker gelag, want deurmekaar hare lyk regtig "confused.")

Ek reageer toe op die video wat vir my gestuur is, en noem dat ek al baie goed van hierdie man op sy kanaal gesien het, en dit is skreeusnaaks. Dit was natuurlik nie wat hulle wou hoor nie, want KI het gesê dat hierdie in Upington se hof gebeur het. Skade en skande.

Dit raak al hoe moeilike om KI van die reële wêreld te onderskei. Ek is verbaas dat die wêreld van KI nog nie gereguleer is nie. Daar is wette en beleide wat allerhande dinge reguleer: die POPI en PAIA wetgewings, om maar net een te noem. Maar KI word nie gereguleer nie. Nou kan ek seker redeneer

Ons het 'n kliënt wat nie 'n samehangende e-pos kan struktureer nie. Regtig, sy sukkel. Ek weet, ek ken haar. Maar dan sy stuur vir ons 'n e-pos wat lyk of dit deur redaksionele kommentaar gegaan het. Daar is woorde wat in donker gedruk is, en



ander woorde wat 'n aandagstreep het. Met herhalende inligting. Verder verwys sy soms in haar e-posse na iets wat glad nie betrekking het op die navraag nie. Hoogdrawende inligting.

Op 'n mooi dag skryf sy vir my 'n relaas om ons te oorreed om hulle met iets te help. Dit was sekerlik twee bladsye lank. Ek moet bieg: ek het nie alles gelees nie, want dit was net te veel. En nogal in hoogdrawende *Ingels*. Met beeldspraak en verduidelikings.

My terugvoer van haar begin toe met die volgende sin: "Dankie vir die vreeslike lang skrywe." Waarop ek terugvoer ontvang: "Die skrywe was so lank soos *War and Peace* omdat ek my saak wou verduidelik."

Ek weet en die skrywer weet dat sy geen benul het van wie Leo Tolstoi was nie, en ook nog nie die roman van min of meer 1400 bladsye gelees het nie. Ons weet ook dat sy al haar e-posse in ChatGPT genereer sonder om dit weer te lees. Maar dankie vir die e-pos, sê ek.

Ek, in my mensgeit, soek nogsteeds 'n vel om mee te praat. Iemand met emosies in die stem en 'n gewillige gees. Nie 'n dooie reaksie nie.

# Onwettige storters ontbloot deur hul eie gemors



Inwoners wat daagliks langs die Koppies-pad ry, sê hulle is moeg daarvoor om te sien hoe mense hul vullis onwettig langs die pad stort — en nou blyk dit dat die skuldiges hulself ontbloot het.

Verskeie sakke met huishoudelike rommel in wat onlangs in die gebied van die grondpad-afdraai afgelaai is, bevat glo kwitansies en ander identifiseerbare items, wat duidelik wys wie die storters is.

"Dis nie net lelik nie, dis 'n verleentheid vir die dorp," sê een inwoner. "Ons weet almal wie dit is — hul name lê letterlik in die gemors."

Plaaslike inwoners doen nou 'n beroep op die owerhede om op te tree, met voorstelle dat regsstappe of gemeenskapsdiens ingestel moet word vir herhalende oortreders. Die voorval het ook weer gesprekke laat opvlam oor die behoefte aan 'n openbare stortplek wat nie net veilig en toeganklik is nie, maar wat ook aan wetsvereistes voldoen.

"Mense kan nie meer onkunde voorgee nie," sê 'n ander inwoner. "As jy jou vullis stort en jou strokies lê daarin, dan het jy net jouself om te blameer as mense uitvind."

Munisipale amptenare herinner inwoners dat onwettige storting strafbaar is en skade doen aan beide die omgewing en die dorp se beeld. Die gemeenskap word aangemoedig om oortreders aan te meld en te help om die omgewing skoon te hou.

# Wyn-liefhebbers geniet Van Loveren-proe by Goedehoop



*Op die foto agter vl: John Watson, Tsaats Hattingh, Jacques van Rooyen, Bussel Retief (Van Loveren Wynplaas) Johan Germishuys, Danie Hatting Jnr., Danie Hatting Snr., Marilize en Willem Loots, Amarina Watson, Eben Claasen en Jaco Hendriks.*
*Voor vl: Alta Hattingh, Annamarie Retief (Van Loveren Wynplaas), Marisa van Rooyen, Nonna Roos, Mari Germishuys, Minke Claasen, Simone Kruger en Anizelle Hendriks.*

'n Gesellige wynproe is Vrydagaand, 7 November, by Goedehoop Heilbron aangebied, met Bussel Retief, een van die Van Loveren-neefs, as gasheer. Gaste het 'n verskeidenheid van Van Loveren se bekroonde wyne geproe en die stories agter die wynplaas en familieonderneming geniet.

Die aand is gekenmerk deur 'n warm atmosfeer, heerlike verversings en vrolike geselskap.

'n Onvergeetlike ervaring vir almal wat die besondere Van Loveren-wyne kon geniet.


Neem asb. kennis dat die Heilbron Herald se fabriek die **12de Desember 2025** sluit en DV die **7de Januarie 2026** open.
Die winkel sluit die **18de Desember 2025** en open die **5de Januarie 2026.**

Bestel asb. vroegtydig u drukwerk en skryfbehoeftes om teleurstelling te voorkom.

Herald Office National
**Elsstraat 44 Heilbron**
**Tel: 058 852 3033**












VAKATURE: JUNIOR PERSONEEL & BOEDELKLERK

**Verantwoordelikhede: Junior Personeel**
- Data vaslegging
- Prosessering van date en rekonsiliasies
- Opstel van Finansiële state
- Indien van belastingopgawes
- Oudit van Finansiële state

**Verantwoordelikhede: Boedelklerk**
- Administrasie van boedels

**Vaardighede sal voorkeur geniet:**
- MS Office (Excel Word)
- Rekenaarvaardighede
- Rekeningkunde en Wiskunde agtergrond
- Goeie menseverhouding en kommunikasie
- Afrikaanssprekend

P & V

Suksesvolle aanstellings sal opleiding ontvang waar nodig.

Aansoeke sluit 20 November 2025

CA(SA)

# DA calls for urgent repairs on unstable electrical poles in Heilbron

*- Cllr Robert Ferendale (DA Councillor Ngwathe Municipality)*

The Democratic Alliance (DA) in Heilbron, Ngwathe, will conduct an urgent oversight inspection to assess more than 50 dangerously unstable electrical poles that pose a severe safety risk to residents. A detailed report will be submitted to the Municipal Manager's office, calling for immediate intervention to prevent further danger.


We are deeply concerned about the more than 50 electrical poles that could fall at any time.

We have been reporting this, but nothing has ever been done to ensure the residents' safety is prioritised. Our pleas have been ignored. Severe storms over the last 2 days have toppled some poles, causing power outages and endangering residents' safety.

This is unacceptable and needs to be addressed urgently. The lack of safe electric poles is posing a risk to our residents' lives. This can lead to serious injuries and/or even death.

We will ask for a work plan with a timeframe for exactly when this is expected to be sorted.

Where the DA governs, we ensure proper service delivery while safety standards are met.









# In Loving Memory of Dear Pastor Caryl Ann Loots, a Faithful Woman of God

We honour the life of a remarkable woman of God — a gentle warrior of faith. Her voice carried wisdom, her heart carried compassion, and her life carried the light of Christ wherever she went.

She poured herself out for others, praying when we had no words, lifting us when we had no strength, and believing for us when our own faith felt weak. Her hands blessed, her words healed, and her presence brought comfort to every soul she touched.

Though our hearts are heavy, we celebrate the legacy she leaves behind — a legacy of love, integrity, courage, and unwavering devotion to the Kingdom. Heaven has gained a faithful servant, and earth has lost a rare and precious gift.

May her example continue to shape us. May her teachings continue to guide us. And may the seeds she planted in all our lives grow into testimonies that honour her memory.

Rest in glory, dear Pastor Caryl Loots

Your race is run, your crown awaits, and your light will continue to shine through every life you touched.

Pastor Caryl's service was held on the 12th of November 2025 at Huis Bron-van Heil - Heilbron at 11:00am.





# NG Suid se klerebank besoek Huis Bron-van-Heil

Die NG Suid Gemeente bestuur vir byna 40 jaar lank al ‘n klerebank waar enigiemand klere, skoene, gordyne of beddegoed kan skenk, wat dan onder leiding van Mev. Rita Serfontein die items gratis aan behoeftiges gee.

Op 5 November hierdie jaar was dit wel ‘n eerste vir albei, Huis Bron van Heil en die NG Suid Kerk, dat die kerk in ‘n uitreik na die ouetehuis, gereël het om klere en beddegoed aan inwoners van Huis Bron van Heil wat nie self die klerebank kon besoek nie, te oorhandig.

Mense wat skenkings wil maak, mag hul items óf na die Kerkkantoor bring tussen 9h00 en 13h00 van Maandag tot Vrydag, of alternatiewelik na die gebou langs die Kerkkantoor (vroeër bekend as die Dienssentrum). Mev. Rita Serfontein en haar span sal daar wees op Dinsdae en Vrydae van 10h00 tot 12h00.



*Vlnr: Babs Knoessen, Rita Serfontein en Christa Marais.*













**NOTICE OF APPLICATION FOR ENVIRONMENTAL AUTHORISATION FOR THE PROPOSED ABO MOHU SOLAR ENERGY FACILITY**

Notice is hereby given in terms of the 2014 EIA Regulations (as amended in 2017) published in Government Notice R982 under Section 24(5) and 44 of the National Environmental Management Act (No. 107 of 1998) (NEMA), of the intent to carry out **Environmental Impact Assessment (EIA)**, in accordance with Listing Notices 1 – 3 (GNR 983 - 985) (as amended) for the following:

| | |
|---|---|
| **Project Title** | The proposed ABO Mohu Solar Energy Facility (Pty) Ltd and associated infrastructure, located in the Mafube Local Municipality and Fezile Dabi District Municipality, Free State Province |
| **Project Description** | ABO Mohu Solar Energy Facility (Pty) Ltd proposes the development of a photovoltaic (PV) solar energy facility, of up to **100MWac** in capacity. The proposed project is located approximately 14km west of Frankfort within the Mafube Local Municipality and Fezile Dabi District Municipality, in the Free State Province. |
| **Project Footprint** | A total area of 667 hectares was assessed for the proposed development. The final proposed layout will take environmental and socio-economic sensitivities as identified by various specialists into consideration. |
| **Affected Properties** | Certain Subdivision 1 of the Farm Leeuw no. 162<br>Farm Rooi Poort no. 201 |
| **Proponent** | ABO Mohu Solar Energy Facility (Pty) Ltd |
| **EAP Details** | Solis Environmental \| Viv Vorster \| 082 449 5356<br>vivienne@solis-environmental.co.za |




NOTE: No construction activities will be undertaken on Certain Subdivision 2 of the farm Leeuw 162

# Vandale plunder Uniefeesdam se bome en staal strukture



Die eens trotse Uniefeesdam, wat vroeër 'n geliefde ontspanningsplek vir Heilbron-inwoners was, word tans geteister deur onwettige aktiwiteite wat die gebied se herstel ernstig kniehalter.

Terwyl die Demokratiese Alliansie reeds druk uitoefen om die proses te versnel om die Uniefeesdam weer tot sy voormalige glorie te herstel, word die terrein vir die afgelope dekade die teiken van mense wat bome afsaag en metaal uit die geboue se dakke en mure steel om dit vir kontant te verkoop. Die speelgrondtoerusting was eerste om ontwortel en oornag verdwyn.

Verskeie inwoners het bevestig dat sekere individue al 'n geruime tyd besig is om sonder skaamte of diskresie die bloekombome rondom die dam af te kap, wat tans opletend sigbaar is deur die oop vlaktes agter die dam waar daar voorheen 'n bosagtige aanplanting bome soos 'n woud gestaan het. Die hout, vermoedelik bestem vir herverkoop as vuurmaakhout, word op sleepwaens gelaai en weggery – alles sonder enige toestemming of beheer.

"Dit is hartseer om te sien hoe die plek waar ons as kinders geswem en piekniek gehou het, nou verwoes word vir 'n paar rand se wins," sê 'n ontstelde inwoner.

Wat eens 'n natuurskat was, lyk nou meer soos 'n slagveld – met kaal kolle waar bome gestaan het en geboue wat byna oornag tot bouvallige ruïnes verval het.

Die DA het vroeër aangedui dat hulle die Uniefeesdam as 'n sleutelprojek beskou om die gemeenskap weer trots te maak op hul dorp. 'n Herlewingsprojek sou nie net toerisme kon aanwakker nie, maar ook 'n veilige en mooi ruimte kon bied vir inwoners om die natuur te geniet.

Gemeenskapslede is al moedeloos. Die beroep op plaaslike owerhede en die polisie om dringend in te gryp om die onwettige aktiwiteite te stop voordat daar niks oorbly, het klaarblyklik misluk.

"Die herstel van die dam gaan miljoene kos – maar hoe herstel jy iets wat letterlik voor jou oë gestroop word?" vra 'n plaaslike sakeman.

# DA Pushes to fast-track revival of Uniefeesdam through urgent PPP action

*- DA Cllr Robert Ferendale*

The Democratic Alliance (DA) in Ngwathe Local Municipality will write to the Municipal manager to request an urgent update and fast-tracking of the Public-Private-Partnership process for the revival of the Uniefeesdam in Heilbron.

The DA in Heilbron has been calling for years for the neglected and destroyed Uniefeesdam to be revived. This once-pride place of the residents of Heilbron and a source of income for the municipality has been neglected over the years and, in the last 3 years, vandalised.

I have been writing letters over this period, but with no success. Eventually, this received some attention, and the National Treasury delivered an awe-inspiring presentation. This was widely welcomed, as it would have meant the once-pride of Heilbron would be the ultimate picnic/camping place again.

There were events such as weddings and shows held over the years, which also provided the municipality with a source of income and additional employment opportunities.

Yet to date, this plan has gone nowhere. We have been waiting for over a year now, but we have not received a word from the municipality.

If the entire PPP was rejected, the municipality should reopen the leasing process for this place to local entrepreneurs for the long term to develop and restore it to its former pride and glory.

Some individuals gave presentations, and they remain keen to resore the Uniefeesdam to its former state.

# Heilbron Eiendomme - Pretstap 'n groot sukses

Heilbron Eiendomme se eerste 5 km pretstap, wat op Saterdag 8 November by Heilbron gholfklub aangebied is, was 'n groot sukses. Oud en jonk, ouers, kinders, vriende en selfs hul viervoetige metgeselle het die oggend saam geniet as gemeenskap.

Deelnemers is bederf met lekker musiek, 'n waterpunt langs die roete, en heerlike koffie van Be-Kof was beskikbaar met ontbyt by die klubhuis ná afloop van die stap. Die atmosfeer was feestelik en talle het reeds belowe om by die volgende stap aan te sluit.

Die volgende 5 km pretstap sal op Saterdag, 6 Desember 2025 om 07:30 weer by die Heilbron Gholfklub plaasvind. Hierdie keer sal daar 'n Kersfees-tema wees – deelnemers word aangemoedig om hul rooi musse, groen kouse en Kersfeesgees saam te bring en die dag saam te kom stap/draf.

"Ons nooi almal uit om die oggend saam met ons te kom geniet!"









## Vacancy Storeman

PAKWORKS

| POSITION TITLE | Storeman – Raw Materials, Pakworks (Pty) Ltd |
|---|---|
| MAIN PURPOSE OF ROLE AND GENERAL ROLE EXPECTATIONS | Pakworks is an industrial food processor in South Africa that manufactures snacks for blue chip companies.<br><br>The position will report to the Logistics Manager and will ensure the timely and accurate delivery of materials to support production operations. |
| LOCATION | The position will be based in Heilbron, South Africa. |
| REQUIRED MINIMUM EDUCATION/TRAINING | Grade 12<br>Knowledge of Sage Pastel Partner System<br>Prior experience in a manufacturing environment<br>Proficient in Microsoft Office and other relevant software applications. |
| REQUIRED MINIMUM WORK EXPERIENCE | ▪ Minimum 2 years' experience in Manufacturing (Snack production experience will be an advantage) |
| KEY PERFORMANCE AREAS | ▪ Manage the ordering and delivery of raw materials to meet production needs.<br>▪ Monitor inventory levels and ensure timely re-ordering to maintain optimal stock levels.<br>▪ Communicate with suppliers to resolve any issues or discrepancies with orders.<br>▪ Verify the accuracy of all material transactions, including receiving, storing and transfer documents.<br>▪ Maintain organized and up-to-date records of all material transactions, incl purchase orders and invoices<br>▪ Adhering to all food health and safety requirements.<br>▪ Any other tasks assigned to the incumbent from time to time. |
| TECHNICAL KNOWLEDGE / COMPETENCIES | ▪ Specific knowledge and experience of the field.<br>▪ Execellent attention to detail and accuracy in record keeping.<br>▪ Ability to communicate well with Storemen and Truck drivers.<br>▪ Problem solving. |
| BEHAVIOURAL COMPETENCIES | ▪ Result driven.<br>▪ Integrity.<br>▪ Ability to work under pressure and meet deadlines.<br>▪ Good Communication and interpersonal skills.<br>▪ Live the Company's values. |

**Closing date: 23 November 2025.**
**Forward comprehensive CV to the Human Resources Manager – Riana Greyling**
**Tel: 058 852 3068 * Fax: 058 852 2216 * E-Mail: riana@pakworks.co.za**

# KENNISGEWINGS

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of Regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of Deed of **Transfer T3955/2015** passed by **LEKWA DANIEL DLAMINI, Identity Number 780409 5511 083** and **MATSHIDISO MARTHA DLAMINI, Identity Number 800430 0784 083,** Married in community of property to each other in favour of **LEHLOHONOLO MOSES RAMOKHOTHOANE, Identity Number 680829 5337 083** and **PAULINAH PULENG RAMOKHOTHOANE, Identity Number 680929 0424 082,** Married in community of property to each other in respect of certain ERF 1030, DENEYSVILLE, DISTRICT HEILBRON, PROVINCE FREE STATE, which has been lost or destroyed.

All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds: Free State at Bloemfontein within two weeks from the date of the publication of this notice.

Dated at Pretoria on

**Applicant:**
**JACOB WOUTER DE VOS**
**ROSS & JACOBSZ INC.**
**P.O BOX 46, PRETORIA, 0001**
**E-MAIL: wdevos@ross.co.za**
**CONTACT NUMBER: 012 348 1088**
**REF: WDV/**

## KENNISGEWING VAN TERINSAELEGGING

In die boedel van wyle **GIDEON DE VILLIERS, ID 450112 5015 084,** in lewe wewenaar en woonagtig te Hullstraat 36, Heilbron, Provinsie Vrystaat.

**Meesterverwysingsnommer: 001298/2023**

Hiermee word kennis gegee ingevolge Artikel 35(5) van Wet No. 66 van 1965 dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening in bogemelde boedel in die kantoor van die Meester van die Hooggeregshof Bloemfontein en in die Kantoor van die Landdros te Heilbron, vir 'n tydperk van 21 dae vanaf datum van publikasie hiervan, ter insae sal lê.

Indien binne genoemde tydperk geen besware daarteen by die betrokke Meester ingedien word nie, gaan die Eksekuteur oor tot die uitbetaling ingevolge gemelde rekening.

**LOUISE SNYMAN**
**RINGERSTRAAT 68, HEILBRON**
**082 965 4964**

Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald kontak gerus vir

Antonio Pienaar
by die
**Heilbron Herald**
**058 852 3033 of**
**heraldnuus@heilbron.co.za**

## BOEDELKENNISGEWING

In die boedel van wyle
**ISABELLA MAGDALENA MATTHEE**
Identiteitsnommer 431105 0023 081
Weduwee
in lewe van 6th Avenue 32, Huis Bron-van-Heil, Heilbron, Provinsie Vrystaat
wie oorlede is op 14 JUNIE 2025.
**BOEDEL NOMMER 006748/2025**

Krediteure en Debiteure in bogenoemde boedel word hiermee versoek om hulle eise in te dien en hulle skulde te betaal by die kantoor van die ondergetekendes binne 'n tydperk van 30 (dertig) dae gereken vanaf datum van publikasie hiervan.

**CLAASEN PROKUREURS**
**STRYDOMSTRAAT 11**
**POSBUS 7, FRANKFORT, 9830**
**TEL. 082 801 7229**
**E-POS: joey@claasenprok.co.za**

## HUIS TE HUUR

Huis te huur in Petrus Steyn vanaf 1 Desember 2025. Netjiese 3 Slaapkamer woonhuis met 1 badkamer, ruim kombuis, sit- en eetkamer en groot sonstoep.

**Vir verdere navrae kontak 083 237 3444**







TE HUUR

## HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.

**Sonja Muller**
**081 849 1877**

## BETREKKING VAKANT

Cornelius & Vennote Ingelyf Heilbron benodig die dienste van 'n

ALGEMENE TIKSTER

met tik ervaring vir algemene regswerk. Ondervinding in boedels en/of aktes sal 'n aanwins wees.

21 November 2025 vir diensaanvaarding. Aansoeke sluit 17 November 2025.

Stuur volledige CV vir aandag: AA Schutte, Kerkstraat 40, Heilbron
E-pos: amanda@corven.co.za







# SMALLS

# DIENSTE

## BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

## BAAL / SNY & BAAL ...

Vir sny-, hark- en baalwerk.

Kontak Evert Kleynhans

072 018 3685
Heilbron

DUPNO Trading
AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

## BIBLIOTEEK OOP

***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

## BESIGHEIDSURE

**Maandae - Vrydae: 08:00 -16:30**
**Saterdae: 09:00 -12:00**

**Elsstraat 42, Heilbron**
**Tel: 058 853 0006**
POSTNET HEILBRON

Neem asb. kennis dat die Heilbron Herald se fabriek die 12de Desember 2025 sluit en DV die 7de Januarie 2026 open. Die winkel sluit die 18de Desember 2025 en open die 5de Januarie 2026.

Bestel asb. vroegtydig u drukwerk en skryfbehoeftes om teleurstelling te voorkom.

Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
Herald Office National




# FOTOSTATE

**Swart / Black**

| | | |
|---|---|---|
| A4 | 1 - 50 Bladsye | @ R1-50 |
| | 51+ | @ 80c |
| A3 | 1 - 50 Bladsye | @ R3-00 |
| | 51+ | @ R1-50 |

**Volkleur / Colour**

| | | |
|---|---|---|
| A4 | 1 - 10 Bladsye | @ R5-00 |
| | 10+ | @ R4-00 |
| A3 | 1 - 10 Bladsye | @ R10-00 |
| | 10+ | @ R8-00 |

## WINKELURE

**Maandae tot Donderdae: 07:30 - 17:00**
**Vrydae: 07:30 - 16:30 | Saterdae: 08:30 - 13:00**

Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos:
heraldwinkel@heilbron.co.za
Herald Office National

# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**

**Tel: 058 852 3033/4/5**
**• Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za (Wyeformaat produksiebestuurder) WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za herald@heilbron.co.za (Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.) WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Antonio** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, Skryfbehoeftes, Kommersiële drukwerk ens.) WhatsApp Nr. 061 294 3983
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.) WhatsApp Nr. 066 056 1601
• heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**


***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

HERALD Sport

# Dames wen goud op eie bodem

Die Valsrivier Viere kompetisie het by die bane van Heilbron Rolbalklub plaasgevind. Die dames het skoonskip gemaak deur al hul wedstryde te wen en met 'n telling van +60 die goue medalje in te palm. Die mans het 'n taaier stryd gehad en moes met 'n derde plek tevrede wees terwyl die span van RJ Muller 4de geëindig het. Dit is nogtans 'n groot prestasie vir Heilbron Rolbalklub om twee mansspanne te hê wat aan die Noord Vrystaat Kompetisie gaan deelneem.

Daar moet ook melding gemaak word van Tracy Jacobs wat gekies is om aan die Dames Veterane Meesters Kompetisie deel te neem. Dit is voorwaar 'n groot prestasie en Heilbron Rolbalklub is trots daarop om 'n speler te hê wat aan die kompetisie gaan deelneem wat in 2026 gaan plaasvind.



*Op die foto vl: Ellie van Coller, Tracy Jacobs, Sonja Muller en Hannalie Claassen.*



*Op die foto vl: RJ Muller, Willie Pretorius en Bokkie Bosman.*



*Op die foto vl: Bennie Steenkamp, Edward Muller, Jurie Jonker en Johnnie Fourie.*

# Meyerton wen naelbyt stryd met 4 paaltjies

Heilbron se kolwers het met 21 viere en 8 sesse in hulle kolfbeurt van 210 net-net nie genoeg om Meyerton te wen nie.

Rao Ali het 'n goeie 45 lopies aangeteken wat 7 viere en 1 ses ingesluit het. Theuns Botha het weer skouers oopgemaak en vinnige 41 lopies aangeteken met 4 sesse en 3 viere van 19 balle.

Talha Rao is aangewys as die speler van die wedstryd met 20 lopies tydens sy kolfbeurt en 3 top paaltjies vir slegs 32 lopies na 6 boulbeurte.

Wedstryd teen Ratels by Hoërskool Heilbron het ongelukkig uitgereën maar punte word gedeel.

Heilbron lê tans gesamentlik 3 de op die punte ranglys.

Volgende wedstryd is teen Route 66 in Vanderbijlpark.



*Op die foto: Theuns Botha en Talha Rao.*

Die **Heilbron Herald** se laaste uitgawe **(Kersuitgawe)** is **DV 12 Desember 2025** en die eerste uitgawe vir 2026 **9 Januarie 2026.**




VIR DIE BEMARKING VAN U VEE, KONTAK:

HUGO GROENEWALD - HEILBRON
082 569 7205
ARNO SWART - EDENVILLE/PARYS/KOPPIES
067 069 8383
MARKO GERBER - SASOLBURG/WOLWEHOEK
064 808 8034

SKAKEL GERUS ENIGE VAN ONS BEMARKERS VIR U KRAAL BESPREKING

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 17 NOVEMBER 2025
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

DINSDAG - 18 NOVEMBER 2025
HANDHAAF Kwartaallikse veiling
Kontak Christiaan Louw 072 851 3674
ERMELO Vetveeveiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242

WOENSDAG - 19 NOVEMBER 2025
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
DANIËLSRUS Kwartaallikse veiling
Kontak Christiaan Louw 072 851 3674
WINBURG Maandelikse veiling
Kontak Rassie Erasmus 082 837 7835
STANDERTON Vetveeveiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

DONDERDAG - 20 NOVEMBER 2025
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242
FICKSBURG Kersieveiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855

VRYDAG - 21 NOVEMBER 2025
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
POTCHEFSTROOM Vetvee veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za